



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

AFDELING A LETTERKUNDE**DRAMA****VRAAG 1 DIE KOGGELAAR (Pieter Fourie)****Instruksies**

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Die vraag bestaan uit 'n stelling oor die drama waarop jy in 'n mini-essay betogend moet reageer.
- Jou inleiding moet duidelik aantoon of jy met die stelling saamstem of nie en ook jou hoofargument verwoord.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- Jou gevolgtrekking moet terugverwys na jou argument en 'n duidelike slotsom gee.
- Bring die woordtal (ongeveer 400 woorde) onder jou mini-essay aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou mini-essay gebruik word.

'n Kaal verhoog. In die middel 'n wit, sirkelvormige vloerkleed, drie meter in deursnee; dit stel die bodem van 'n plaasdam voor. Op die kleed lê die lyk van 'n boer; in sy een hand 'n kalkkwas, langs hom 'n emmertjie en digby sy ander hand 'n .38-rewolwer. Net buite die sirkel lê die karkas van 'n week-oue lammetjie.

KNAPLAT: Dit was die laaste druppel. Dis die skok waarvan hy gepraat het.

Die lig trek in op Boet waar hy op die sirkelvormige vloerkleed – die damvloer en nog nie wit gevef nie – staan. Die emmer en kwas is byderhand, die rewolwer lê eenkant.

BOET (*kyk op*): Wit! Wit sal ek sy vloer uitkalk dat Jy kan sien hy's leeg. (*Hy begin veff*) Wit! Wit soos ek! (*Hy staan hygend in die dam. Stadig keer sy asemhaling terug na normaal.*) Dit was al.

Stelling

Knaplat en Boet se woorde aan die einde van die drama bevestig dit wat die **toneelaanwysings** reeds van die begin af by die gehoor wil tuisbring. Dit word 'n profetiese **voortuysing na die mens wat oor die aarde wil heers** deur **ander te vertrap**, maar uiteindelik sy **eie ondergang** bewerkstellig.

Opdrag

Skryf nou 'n mini-essay van ongeveer 400 woorde waarin jy betogend op hierdie stelling reageer. Gebruik ten minste DRIE aspekte uit die toneelaanwysings, soos herhaal in die woorde van Knaplat en Boet aan die einde van die drama, om jou betoog te ondersteun.

RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 1

LW: Wat volg is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.

Titel:

- Gee **eie gepaste titel** wat die kandidaat se siening vasvang. (Die titel is opsioneel – m.a.w. as kandidaat geen titel gegee het nie, mag hulle nie benadeel word nie. Dit is egter tog 'n aanbeveling.)

Inleiding:

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en dramaturg** te verwys, bv. *In Pieter Fourie se drama Die Koggelaar [onderstreep in geskrewe teks] (1988) ...*
- **formuleer betoog**; bv.
- ... bevestig *Knaplat* se woorde dit wat die toneelaanwysings aan die begin van die drama reeds profeties aan bod bring. Die "kaal" verhoogruimte word geaktiveer as 'n ruimte waarbinne die mens se rol as heerser oor die aarde (hier die droë Koggelkaroo) nie net ondersoek word nie, maar waarbinne die mens (veral in die vorm van die patriarg Boet Cronjé) onbevoeg verklaar word om te heers. In die drama word die klakkelose miskennis/vertrapping van mens en dier en grond op die keper beskou en die selfverwoesting daarvan uitgespeel. Die drama voorspel/maak juis voorsiening vir 'n nuwe (op dié stadium slegs fiksionele) ruimte waarbinne gemarginaliseerdes binne 'n nuwe orde/bedeling die boer uit die sentrum (visueel voorgestel as die matsirkel) verwyder en die reën (as teenpool vir die droogte as metafoor van die gevolge van misbruik) uiteindelik die aarde kan voed.
- verwoord **hoofargument** n.a.v. beplanning

Paragrafe:

- Verskillende argumente word hier betoog wat die onderwerp (wat in inleiding gekies is) gaan ondersteun.
- In elke paragraaf word 'n argument bespreek – ondersteun met verwysings en/of aanhalings uit die drama.
- Die betogende styl van die kandidate moet deurgaans gesien word.

Moontlike argumente wat **ter betoog** aangevoer kan word (kandidate kan enige van die volgende in hul betoog ondersoek. DRIE van die toneelaanwysings moet egter aan bod kom):

- *Die mens moet natuurlik in die eerste plek as manlik raakgelees word in dié vraagstelling (vgl. moederaarde as gender-teenpool). Manlike beheer is uit Genesis verletterlik as 'n patriargale plig (maar ook voorreg wat dikwels misbruik is/word).*
- *Ironies genoeg maak die drama melding van "n Kaal verhoog." Hoewel dit tegnies gesproke moontlik verwys na Peter Brook se "empty space" asook die epiese teatertegnieke hierdeur inspan, sal dit die **leser** van die drama moontlik ook wys op die gestrooptheid van die aanbieding self. Hier is nie kans vir 'n gemaklike uitruil van boererate of pittige woordinkleding nie. Die saak op die tafel word sonder omhaal of melodrama aangespreek. 'n Banale, maar tog belangrike verband tussen hierdie kaal verhoog en die kaal Anna (Bedryf 2 toneel 1) kan ook getrek word waar sy as "stoetooi" opgeoffer word om die geboorte van nog 'n kind moontlik te maak. Die skokkende wreedheid in hierdie toneel is ontstellend omdat dit die naakte waarheid rondom vroue as biologiese gebruiksartikels teken. Dat Anna juis deur Anker gered word, verskaf 'n teenpool op Boet se wreedheid.*

- Die "wit, sirkelvormige vloerkleed, drie meter in deursnee" verwys moontlik na die heersende bestel gedurende die tydruimte. Wit heerskappy was 'n gegewe gedurende apartheid, terwyl die getal 3 tekenend kan wees van die drie-eenheid van God die Vader, Seun en Heilige Gees. Gedurende apartheid het die kerk apartheid gelegitimiseer en selfs uit die Bybel gemotiveer. Die dominee gebruik uitstel om die probleem aan te spreek (op bl. 41), maar erger nog, Boet tart God op vele maniere om SY sin te kry. Die toneel rondom die biddag vir reën word in die drama omvorm tot 'n klagstaat teen Boet wat sy vrou (nou geklee in haar swart trourok – as simbool van rou oor hul huwelikstaat) slegs gebruik het as meganisme in sy doel tot voortplanting.
- Die sirkel kan simbolies as die sentrum of binnekring van die koggelaars beskou word, nl. diegene wat die reëls gemaak het rondom hoe die mense en die omgewing gebruik/misbruik kon word.
- Die plaasdam vorm die sentrum van die vooruitgang van die aarde. As opvangsgebied van water is 'n vol plaasdam sprekend van welvaart terwyl die leë plaasdam droogte simboliseer. Die droogte (letterlik en figuurlik) van Boet Cronjé is die setel van die konflik in die drama. Hoewel daar 'n goeie aar is om oop te boor, weier hy om vruggebruik te neem hiervan. Na Klein-Ben kan hy nie weer kinders verwek nie en sal ook nie mediese hulp hiervoor aanvaar nie. Die uitkoms wat almal (mens en dier) so nodig het, word versmaai deur Boet se trots.
- Die kalkwas (wat herinner aan Brecht se Caucasion Chalk Circle – vervreemding/epiese teater) kan vertolk word as manier om die wêreld na jou eie ewebeeld (wit) te teken. Boet glo in homself as waardige erfgenaam a.g.v. sy wit afkoms en speel tekenend sy heerskappy uit in die toneel in die kroeg (en vooraf) met Anker wat sy gemengde afkoms moet verloën (om nie eens van sy broederskap te praat nie).
- Die rewolwer is uiteraard sprekend van die afloop van die gebeure, nl. dat Boet homself skiet. Die veelvoudige motiverings vir sy selfdood word hier nie indringend bespreek nie, maar wat wel van belang is, is die feit dat hy as heerser abdikeer en alles en almal aan hul eie lot oorlaat – asof hy verantwoordelikheid laat vaar. Die familiemoord kan gesien word as die uithaal van 'n hele geslag van heersers en sondes wat ruimte laat vir 'n nuwe orde. Ironies genoeg word uit sy waansin en die aftakeling van sy geestesgesteldheid 'n nuwe bedeling moontlik gemaak.
- Die karkas van 'n week-oue lammetjie is sprekend van die lot waaraan die mees weerloses oorgelaat is a.g.v. die sondes van die (voor)vaders. Boet is ook verantwoordelik vir die dood van sy eie vee! As ekogerigte drama is dit byna die sterkste aanklag wat die drama maak in die vorm van Knaplat as stoetram, nl. dat hy ingespan is om die (wit) heersers te verryk en dat sy nageslag moet ly onder die hardkoppigheid/hartvogtigheid van dié wat vir hulle moet sorg. As Anker saam met Knaplat uiteindelik die heerskappy gesamentlik kan oorneem, is dit asof hulle in 'n akkoord gaan om hierdie misbruik uit te wis. Aan die einde van die drama haal Knaplat sy wit masker af en trek dit oor Boet se kop. Daardeur neem die stoetram afskeid van sy rol as ondergeskikte en ontmasker die klug van wit heerskappy.

Slot:

- Hoofpunte word saamgevat – **kom tot 'n eindbetoog**.

Die stelling word finaal bewys of afgekeur, bv..

- **Die Koggelaar** slaag daarin om van die eerste toneel af reeds die verhoog te aktiveer as 'n metaforiese ruimte waarbinne **die mens se rol as heerser oor moederaarde** ondersoek word en (die mens) **uiteindelik te lig bevind word** veral as gevolg van die misbruik en miskennis van die ander (mens, dier en die aarde self). Dit stel **'n nuwe orde** voor waarbinne gemarginaliseerdes saam met geobjektiveerdes (die diere en by implikasie die aarde self) saam 'n beter toekoms, wat deur moederaarde self geseën word (in die vorm van reën), kan aanpak.

PROSA

- Twee vrae word oor elk van die twee voorgeskrewe romans gestel waarvan jy slegs een vraag moet beantwoord:
 óf Vraag 2 óf Vraag 3 (oor *frats* – Chris Karsten)
 óf Vraag 4 óf Vraag 5 (oor *Toorberg* – Etienne van Heerden).
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Jou literêre opstel moet beredenerend van aard wees.
- Jou inleiding moet reeds duidelik aantoon wat die uitgangspunt(e) van jou opstel is.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- In jou gevolgtrekking moet jy terugverwys na jou hoofargument en telkens die verwagte inhoud, soos aangedui by elke vraag, aanspreek.
- Bring die woordtal (ongeveer 600 woorde) onder jou literêre opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

VRAAG 2 *FRATS* (Chris Karsten)

Die *frats* [word] voorgehou as 'n persoon wat ongewoon (of dan "verskillend" of "anders") is in voorkoms of gedrag, maar die konsep word ook verder beskou as sinoniem met abnormaliteit, vreemdheid, onreëlmatigheid, misvorming en monsteragtigheid.

[Gerber, *Reviews in American History*, 1990:15; Kochanek, *Reframing the freak: from sideshow to science*, 1997:228]

In die roman *frats* word Khoena as 'n "onmens" ('n mens lyk nie so nie) beskou en worstel sy met hierdie *frats*status wat aan haar toegeken is. Beredeneer in 'n literêre opstel watter **DRIE ander karakters of instansies** eintlik dié **titel van onmenslikheid** verdien.

Jou gevolgtrekking moet duidelik aantoon waarom die verwysing na **Khoena as "frats" ironies is** in die lig van jou bespreking rondom die eintlike *frats*(e) in die roman.

Belangrik: hierdie drie ander karakters of instansies kan uiteraard **NIE een van die ander "fratse" wees** wat in Archibald Varley se *shows* optree nie.

RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 2

LW: Wat volg is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op EIE MERIETE beoordeel word.

Titel: Gee eie gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre** en **skrywer** te verwys,
 – bv. *In Chris Karsten se roman frats [onderstreep in geskrewe teks] (2007) ...*
- **Formuleer onderwerp:** ... *word verskeie ander karakters en instansies indirek daarvan aangekla dat hulle die eintlike fratse in die verhaal is. Heelparty van die manlike karakters word as monsteragtige uitbuiters van veral vroue uitgebeeld, maar ook van ander karakters wat 'anders' of eksoties is. Die roman verskuif dus die idee van fratse na diegene wat uit gierigheid, seksuele wandade of in die naam van wetenskaplike navorsing vanuit 'n morele oogpunt die eintlike fratse in ons samelewing was en dalk selfs tot nou toe is.*
- Vooruitwysing hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrafe:

- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans duidelik blyk.

Moontlike karakters of instansies wat bespreek kan word:

- *Die strafekspedisie in die voorspel vertel hoe die vroue en oumense van sogenaamde veediewe wreed vermoor word en hoe kinders gevang word om as slawe verkoop te word.*
- *Tiebout Boelens word uitgewys as verkragter en hoereerder en word deur Bartol as troefkaart gebruik om Khoena te oortuig dat hulle die Kaap moet verlaat om weg te kom van Tiebout se misbruik van haar liggaam.*
- *Peniston Woodcock se alkoholisme het veroorsaak dat 'n vrou en haar baba sterf en hy is na die skande deur sy eie familie verwerp. Hy probeer sy naam in ere herstel deur sy sukses met Khoena as frats in Londen. Hy sien Khoena dus as kommoditeit wat verhuur en verkoop kan word. Hy manipuleer die kontrak met Khoena sodat sy nie werklik haar slaafstatus opgee nie. Saam met Bartol Boelens maak hulle haar afhanklik van drank (as deel van haar salaris) en sy sien min van die profyt wat hulle deur haar maak. As die gereg probleme begin gee rondom die wet op afskaffing van slawerny en die fratsvertonings, verdwyn hy van die toneel.*
- *Achibald Varley en Hippolyte Fortoul word as fratsmeesters as die opvallendste monsters geteken. Hulle dryf handel in fratse en die dwerg word as vrag (teaterrekwisiet) verskeep. Die fratse word in haglike omstandighede aangehou, kry skamele mediese behandeling – meestal in die vorm van opium – en daar word uiters wrede dinge van hulle verwag tydens vertonings. Heelwat van die fratse sterf ook in hulle diens gedurende die roman. Nooit word daar eers 'n sweem van medemenslikheid of barmhartigheid teenoor enige van hulle gewaar nie.*
- *Woody en Lord Willy word ook as onmenslik uitgebeeld. Woody, in sy gewelddadige verkragting van Dolly, word geteken as 'n bedorwe geweldenaar wat altyd sy sin kry. Sy pa se monsteragtigheid lê daarin dat hy eers op die laaste 'n dokter laat kom om na Dolly om te sien en wanneer Dolly nie 'n courtisan wil word vir een van Lord Willy se welgestelde vriende nie, word sy gedwing tot 'n lewe as prostituut.*
- *Die wetenskaplikes in Parys wat Khoena vir drie dae lank soos 'n dier ondersoek en uiteindelik weer op straat sit, behandel haar as artifak, 'n spesimen, en wil "die afwykende en misvormde karakteristieke anatomie van die Afrikavrou teenoor die Europese norm" ondersoek. Hulle laat haar naak poseer en hulle probeer haar omkoop met geld om haar geslagsdele te teken. Na haar dood word sy staatseiendom en word haar oorskot uitgestal as museumstukke. Baron La Villegris se huiwerige uitspraak: "Sy was 'n merkwaardige ... mens," kom te laat vir Khoena en klink koud in die lig van die haglike omstandighede van haar dood.*
- *Bartol self beweeg van 'n simpatieke slawe-eienaar, wat Khoena altyd beskerm het en veral daarop aangedring het dat sy nie 'n frats is of so genoem mag word nie, na 'n geldgierige en inhalige bestuurder wat Khoena uiteindelik verraai en 'n rat voor die oë draai as hy haar op 'n skip na Calais stuur in plaas van terug Kaap toe.*
- *Ander karakters wat ook monsteragtig uitgebeeld word, is natuurlik die bokser en Charlie Bird.*
- *Die regstelsel word ook as onreëlmagtig voorgestel daarin dat in die Wedderburn-geval te laat opgetree is vir Josiah en dat Bartol vrygespreek word na hy en Khoena voor die hof verskyn. So ook word die hele koloniale stelsel van slawerny en die uitbuiting van onderdane onder die loep geneem.*
- *Geskiedskrywing in die breë kan ook beskou word as 'n hegemoniserende industrie wat altyd die verhaal van die oorwinnaar vertel. Hierdie narratief teken die oorwinnaar gewoonlik as heldhaftig, positief en moreel verhewe bo diegene wat gely het. In frats word daar 'n korrekatief hierop gegee omdat daar stem gegee word aan diegene wie se stories deur tradisionele geskiedskrywing stilgemaak word.*

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word oor dit wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Hoofpunte moet kortliks saamgevat word – finale besluit rondom die ironie daarin dat Khoena die frats genoem word in die lig van die monsteragtige daade van ander.

Voorbeeldgevolgtrekking:

- *Khoena vra haarself gedurig af waarom sý as frats gesien word; waarom mans aan haar wil vat en wat dan nou so anders is aan haar. Die roman verironiseer hierdie opvatting van Khoena deur die monsteragtige fratse wat haar van haar menslikheid ontnem, en ook ander karakters wat misbruik word en sterf aan die hand van uitbuiters wat ontmasker word as die ware fratse in hierdie verhaal.*

OF**VRAAG 3** **FRATS** (Chris Karsten)

Daar is onlangs aangekondig dat daar 'n film gemaak gaan word van die roman *frats*. Die vervaardigers het jou (as kenner van die teks) gevra om jou mening te gee oor die moontlikhede wat hierin opgesluit lê.

Beredeneer in 'n literêre opstel of die verhaal van Khoena in *frats* 'n geslaagde film sou wees om **menswaardigheid terug te gee** aan die historiese figuur van Sarah Baartman deur onder meer te verwys na die **genre en tydsgees** asook die **verhouding tussen die vertelruimtes, plot en spanning**.

Dui in jou gevolgtrekking duidelik aan watter **uitwerking** die film volgens jou op **vandag se gehore** sal hê.

RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 3

LW: Wat volg is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op EIE MERIETE beoordeel word.

Titel: Gee eie gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstittel, genre** en **skrywer** te verwys,
- bv. *Chris Karsten se roman frats [onderstreep in geskrewe teks] (2007) ...*
- **Formuleer onderwerp:** ... sou 'n meevoerende film wees. *Dolly Tooley en Simon Pickering se soeke na geregtigheid binne die tydsgees sal gehore aangryp en hoewel die meeste kykers reeds die verhaal van die ware Khoena, nl. Sarah Baartman, ken, sal die storielyn en spanning wat in die roman realiseer uitstekend uitgebeeld kan word as aanklag teen die uitbuiting van en onmenslikheid teenoor diegene wat ander vir hulle eie gewin misbruik. Die historiese ruimtes wat opgeroep word deur die roman sal ook gehore in die 21ste eeu dwing tot selfondersoek van die koloniale verlede en maak dat hulle hulself die vraag afvra of dinge noodwendig soveel verander het sedert die 1800's.*
- Vooruitwysing hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrafe:

- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans duidelik blyk.

Moontlike redenasies wat aangevoer kan word:

- *Die genre en tydsgees van frats is dié van 'n historiese drama wat afspeel gedurende die koloniale bewind van Brittanje aan die Kaap (en elders). Die verhaal in London begin net na die wet op slawehandel goedgekeur is. Dit vertel ook duidelik die verhaal van 'n historiese figuur, Sarah Baartman, wat deur die personisie van Khoena uitgebeeld word.*
- *Khoena word as jong dogtertjie gesteel van haar geliefde Gamkamma waarna sy as slaaf by Bartol Boelens (en voor hom, sy pa) werk. Hiervandaan gaan sy na London waar sy volgens Dr. Peniston Woodcock aan shows sal deelneem om mense te vermaak. Sy bevind haarself in die haglike krotbuurtes van armoede aan die East End – gekenmerk deur hongersnood, werkloosheid en morele verval. Gou blyk dit dan ook dat dit in der waarheid freak shows is van Archibald Varley waar haar rojale boude die eintlike aantrekkingskrag is. Nadat hulle met die gereg bots, wyk Bartol en Khoena uit na Manchester waar sy nogmaals onder haglike omstandighede moet optree en uiteindelik selfs as prostituut werk om kop bo water te hou. Sy raak swanger en kry 'n aborsie. Hierna word sy belowe dat sy kan terugkeer Kaap toe, maar dit was 'n slenter van Bartol wat haar eintlik verkoop het aan Hippolyte Fortoul in Parys. Laasgenoemde verhuur haar uit in salonvertonings en hoewel haar omstandighede op die oog af beter lyk, word sy (nogmaals) siek. Wanneer Hippolyte met haar klaar is, word sy verhuur aan die wetenskaplikes by die Muséum d'Histoire Naturelle waar haar menswaardigheid finaal van haar gestroop word as selfs haar geslagsdele ondersoek word. Sy sterf hierna en haar liggaam word staatseiendom in 'n land waarin sy 'n vreemdeling gebly het.*
- *Khoena bly deurgaans hoop dat sy uiteindelik sou terugkeer Kaap toe en kan teruggaan na waar haar mames begrawe is. Hierdie hoop word egter nooit 'n werklikheid nie – die swaarste aanklag van die verhaal. Dit skep egter deurgaans spanning aangesien die kyker weet wat haar lot is (na aanleiding van die verhaal van Sarah Baartman), maar deurgaans teen dié wete stry aangesien ons empatie met die karakters bou: ons wil hê dat Khoena se lot anders moet wees as haar historiese eweknie.*
- *Intussen word ook die verhaal van Dolly Tooley vertel, 'n weeskind wat wreed verkrag is deur haar werkgewer se seun en sy word uiteindelik op die straat uitgegooi om 'n skande te vermy. Dolly ontmoet later vir Simon Pickering, 'n joernalis van die Penny Chronicle wat die lot van onderdrukte ondersoek. Saam besluit hulle om die fratse van Varley se freak shows te probeer red asook vir Khoena. Telkens is hulle te laat (bv. in die geval van Jiva en later ook Khoena in Parys) om vroue te red. Nogtans verkry Dolly 'n mate van vryheid deur haar reddingswerk. Hierin lê die spanning opgesluit: Dolly en Simon se pogings om uitbuiting stop te sit in spesifieke gevalle, terwyl daar op 'n hoër vlak deur Sir Thomas Ross en Wedderburn geveg word vir die afskaffing van slawerny in al sy vorme.*
- *Die ruimte verskaf ook 'n spanningslyn van sy eie aangesien daar kontras ingebou word in die ruimtes waarbinne Dolly beweeg. As weeskind by die Foundling is sy die enigste meisie tussen 'n klomp leerjongens, sy beleef die wêreld van die Britse hoogste klas as diensmeisie en beleef eerstehands die wreedheid en hartvogtigheid van hierdie upper class. Later, as vriendin van Lord Ross, vind sy wel 'n goeie man wat werk vir die lot van slawe, maar telkens moet sy terugkeer na die agterstrate en haar geskiedenis by die Little Swan blyk haar verhouding met Lord Ross ook in die wiele te ry (die feit dat hy self getroud is, is duidelik van minder belang). Die uitbuiting in die tekstiefabriek deur Horace Beeby en die misbruike in die tronkruimte aan die hand van Charlie Bird is ook in teenstelling met die Band of Hope (die koor waaraan sy behoort) by Reverend Paxton.*

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word oor of Sarah Baartman se menswaardigheid herstel word deur Khoena se verhaal te vertel en die uitwerking wat dit op vandag se gehore sal hê.

Voorbeeldgevolgtrekking:

- *Die verhaal van Sarah Baartman is bekend aan mense, maar dit bly koue feite wat min bespreek word buite die mure van die geskiedenisklas. 'n Historiese film wat empatie ontwikkel met Khoena sal kykers dwing om die geskiedenis met meer deernis te beskou. Hoewel 'n fiksionele verhaal nie werklik Sarah Baartman se menswaardigheid aan haar kan teruggee nie, is dit simbolies tog 'n mate van restitusie aangesien sy uiteindelik tog 'n stem gegee word. Haar binnewêreld en haar verlange na haar broer, haar land en oorspronklike woning in die Gamkamma sal gehore hopelik noop om nie net Khoena of Sarah se menswaardigheid te besef nie, maar juis ook die menslikheid en gedeelde hoop van alle mense – veral dié wat so maklik as minderwaardig beskou word – daarin raak te sien en raak te voel.*

OF**VRAAG 4 TOORBERG** (Etienne van Heerden)

Die romantitel *Toorberg* is meerduidig.

"Paradysberg was die ander naam wat StamAbel glo oorweeg het, maar toe die aandmis uit die vleie ontstaan, die ganse met hul klae begin en hy in die lig van die vlamme na die skarrelende Boesmantekeninge teen die grot se wande kyk, het hy gedink: Onbegryplike aarde. Tóórmooi. Toorberg."

[bl. 189]

Beredeneer in 'n literêre opstel in hoe 'n mate **die titel *Toorberg* die konflik binne dié ruimte voorafbepaal**. Verwys in jou opstel na **die "toor"** in "*Toorberg*", die **rol wat die berg self speel, die plaas** wat hierdie naam dra asook **die saambestaan van die lewendes en die dooies** binne hierdie ruimte.

Jou gevolgtrekking moet duidelik aantoon of *Toorberg* 'n suksesvolle naam vir die ruimte asook die plaas self is en of "*Paradysberg*" nie dalk 'n beter toekoms sou voorspel het nie.

RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 4

LW: Wat volg is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op EIE MERIETE beoordeel word.

Titel: Gee eie gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre** en **skrywer** te verwys, bv. *In Etienne van Heerden se roman **Toorberg** [onderstreep in geskrewe teks] (1986) ...*
- **Formuleer onderwerp ...** dui die titel van die roman op die ruimte waar die meeste van die gebeure gaan afspeel. Hierdie ruimte word nie net geteken deur die towermooi berg self nie, maar dui ook baie spesifiek op die magiese ruimte wat hierdeur geteken word. Die dooies bestaan hier saam met die lewendes. Ander karakters word reïnkarnasies van afgestorwenes. So skep dit 'n ruimte wat die tragiese verhaal vertel waarbinne die paradys wat hierdie ruimte eertyds was, nou 'n ruimte van droogte, kollektiewe skuld en die aftakeling van 'n hele geslag Moolmans blyk te wees wat eerder die era ná die sondeval sou kon uitbeeld.
- Vooruitwysing hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrafe:

- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans duidelik blyk.

Moontlike redenasies wat aangevoer kan word:

- *Die ruimte van die verhaal is die Toorberg-plaas, geleë in Graaff-Reinet se omgewing in die Oos-Kaap. In die verhaal is die plaas ontdek deur StamAbel, saam met sy agterryer, Jan Swaat, en sy spoorsnyer Hans-Boesman. Dis 'n paradyslike stuk grond met vleie en vrugbare aarde waar die rooi- en suurgras welig groei. Boonop is die plaas aanvanklik baie waterryk. StamAbel oorweeg dit eers om die plaas Paradysberg te noem, maar besluit uiteindelik op die naam Toorberg, "...omdat hy die wonder van dié nuwe wêreld met sy Oog, vleie en gras nie heeltemal begryp het nie." (p. 14).*
- *Die Toorberg-opstal wat StamAbel met sy ferm, gerigte treë afgemeet het, is die grootste opstal in die kontrei. Vir die dak het StamAbel sinkplate uit Engeland laat invoer. Die huis se inhoud getuig ook van welvaart. Omtrent alles – van die porselein tot die meubels – is ingevoer. Kaatjie-hulle se huisie in die Stiefveld getuig weer van groot armoede. Dis 'n klein plekkie waarby die magistraat moet in-"buk". Die voorhuis word net met 'n afskorting van die res van die huis geskei. Die plek is karig gemeubileer. Daar is net 'n vuurherd en 'n kombuiskas met blikbekers en –borde in. Teen die muur staan 'n voosgevatte kitaar (in vergelyking met Ouma Olivier se ingevoerde klaviere). Die kontras in ruimte beklemtoon die onregverdige verdeling van rykdom tussen die Familie en die Skaamfamilie.*
- *Soos die Moolman-geskiedenis vorder, verander die ruimte. Die Oog wat eens water uit sewe klipgleuwe gespuit het, droog heeltemal op. Volgens Waterwyser bruis Toorberg se watertafels nog van die soet, helder water, maar die ondeurdringbare rotslaag keer Abel se boormasjien om daarby uit te kom. Dis asof die plaas sy water met opset van hulle weerhou: "Lieflike aarde: Tooraarde. Klipbank van 'n aarde. Aarde wat hom skielik kan teësit en ongenaakbaar kan sê: 'Hokaai, Abel.'" (p. 162). Die plaas/die natuur is dus die enigste "karakter" wat die moed het om die Abels teen te gaan en hulle te laat boet vir hul sonde.*
- *'n Volgende belangrike "karaktertrek" van die Toorberg-ruimte is die waas van misterie wat dit omgewe. Die mis teen die berghange, die geroep van kolganse en die grot met sy Boesman-tekeninge en doodsbeendere, dra alles daartoe by. Dis in só 'n milieu nie vreemd dat "... waarheid en verdigsel, geskiedenis en toekoms en lewe en dood ..." deurmekaar loop nie (p. 10). Die landelike atmosfeer van Toorberg word gekontrasteer met die milieu van verstedeliking en rassesspanninge. Die "slams" (soos genoem deur die inwoners) is nog 'n verteenwoordiger van die "toor"-gegewe. Hy help met vrugafdrywings asook Tillie se doedoetee wanneer hulle hom nodig het, maar eintlik is die meeste karakters bang vir hom (en ook vir dit wat hy weet).*
- *Die ruimte het 'n groot invloed op die Toorberg-karakters. Hulle is nie net lief vir die grond nie, maar is op 'n manier ook gebonde daaraan. Ella sê: "Toorberg het geen Moolman nog vry laat gaan nie (...) nie in die lewe nie en nie in die dood nie." (p. 12). By ál die Moolmans wat nie meer op die plaas bly nie, is daar 'n intense verlange na die grond. Daar word byvoorbeeld vertel van hoe Posmeester met sy verkyker na Toorberg kyk as die verlange te veel raak en hoe Andreas homself vermom net om weer op die plaas te kom. Nóg 'n voorbeeld van die karakters se gebondenheid aan hul geboortegrond is die feit dat ál die Moolmans (die "weggooivelle" ingesluit) ná hul dood weer daarheen terugkeer.*

- *Sentraal in die roman staan die droogte wat so deel is van die Suid-Afrikaanse werklikheid. Die magistraat som die invloed wat die droogte op mense het soos volg op: "Dis 'n land (...) wat mense laat skuldig voel. 'n Land wat jou laat voel daar moet 'n rede wees waarom die genadige reën net so dan en wan oor jou trek." (p. 56). OuAbel en Abel word die ergste deur die droogte geraak. Omdat hulle "baas van die plaas" is, is dit hul verantwoordelikheid om te sorg dat daar genoeg water op Toorberg is. Dis 'n "roeping" waaraan hulle albei swaar dra en wat OuAbel sommer van jongs af al lewensmoeg het. OuAbel probeer sy verantwoordelikheid nakom deur die massiewe akwaduk te laat bou en Abel laat kom 'n boormasjien waarmee hy die plaas vol gate boor – sonder sukses. Hulle moet magteloos toekyk hoe die plaas stadig maar seker onder hul hande doodwurg. Die kragmeting tussen mens en natuur het die funksie dat dit die spanning verskerp. Die ruimte beïnvloed ook die gebeure in die verhaal. As dit nie vir die droogte was nie, sou Abel nie nodig gehad het om die boorgat te boor waarin Druppeltjie geval het nie.*
- *Dit is duidelik dat die gebeure van die roman in 'n magies-realistiese wêreld afspeel. Die roman is realisties in die sin dat die omgewing van die plaas en die tipe mense wat dit bewoon, herkenbaar is vanuit die alledaagse lewe. Die vreemd-magiese is veral daarin geleë dat daar geen onderskeid gemaak word tussen gestorwenes en lewendes nie; dat hulle saam op die plaas verkeer, sonder dat die lewendes die gestorwenes kan waarneem. Alleen die magistraat, wat as reïnkarnasie skynbaar tot albei wêrelde behoort (as De la Rey tot die gestorwenes, as Van der Ligt tot die lewendes), het tot albei wêrelde toegang om getuie in te win.*
- *Dit is nie dat die karakters van die hede realisties uitgebeeld word, en dié uit die verlede "magies" nie. Eerder is dit so dat die skrywer 'n skemerwêreld skep op die rand van lewe en dood, waar die sintuiglike en die geestelike ontmoet. Met hierdie magies-realistiese aanbod wil die skrywer ons oë oopmaak daarvoor dat daar meer in die lewe is as wat ons met die sintuie kan waarneem. Daar is 'n geheimsinnige skakel wat die mens aan sy voorgeslag bind; die gestorwenes leef voort na hul dood. Die mense van die verlede en die hede dra 'n gesamentlike verantwoordelikheid, en die skuld van die verlede moet in die hede verwerk en versoen word.*
(Met dank aan die insigte van Chris van der Merwe en Johan Anker.)

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word oor dít wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Slot moet aantoon of *Toorberg* 'n suksesvolle naam is om die konflik binne die ruimte te aktiveer en of *Paradysberg* nie moontlik 'n beter toekoms sou voorspel het nie.

Toorberg is dus 'n uiters suksesvolle naam vir die roman aangesien dit die konflik binne die ruimte waarin die verhaal afspeel, voorafskadu en selfs aktiveer. Nie net beskryf dit die oorfloed waarbinne die Moolmans hulle plaas gemaak het nie, asook die manier waarop die natuur haarself wreek deur die droogte nie, maar dit word ook tekenend van die skemerwêreld tussen waarheid en leuen asook die magiese ruimte waarbinne die lewendes en dooies ewe swaar dra aan die verlede. Net soos die plaas Toorberg niemand ooit vry sal laat gaan nie, word die romanruimte 'n setel van die kollektiewe skuld wat niemand kan ontkom nie. Paradysberg as naam sou dus wel 'n beter toekoms kon voorspel, maar die berg staan juis daar as ooggetuie vir dít wat gebeur het ná die sondeval.

OF

VRAAG 5 TOORBERG (Etienne van Heerden)

Daar is onlangs aangekondig dat daar 'n film gemaak gaan word van die roman *Toorberg*. Die vervaardigers het jou (as kenner van die teks) gevra om jou mening te gee oor die moontlikhede wat hierin opgesluit lê.

Beredeneer in 'n literêre opstel of *Toorberg* 'n **geslaagde historiese film** sou wees om die **geskiedenis van rassediskriminasie** in Suid-Afrika te ondersoek deur te verwys na die **genre en tydsgees, die vertelruimtes** waarbinne die verhaal afspeel asook die **plot en spanning**.

Dui in jou gevolgtrekking duidelik aan watter **uitwerking** die film volgens jou op **vandag se gehore** sal hê.

RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 5

LW: Wat volg is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op EIE MERIETE beoordeel word.

Titel: Gee eie gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *Etienne van Heerden se roman Toorberg [onderstreep in geskrewe teks] (1986) ...*
- **Formuleer onderwerp** ...sal 'n uitstekende voertuig wees waardeur die geskiedenis van rassespansing in Suid-Afrika visueel in heroënskou geneem kan word. Geraam deur die ondersoek van *Magistraat van der Ligt se oopkloof van die waarheid rondom die dood van Druppeltjie du Pisani*, wil die verhaal juis die ongelykheid van die samelewing, soos verbeeld in die ongelyke regte van die Skaamfamilie en die Stieffamilie teenoor die ryk, bevoorregte Moolmans op 'n deernisvolle wyse aan die lig bring. Die plaas, as setel of simbool van Afrikanernasionalisme in die ou bedeling, word op *Toorberg* juis die plek waar die stemme van onderdrukte en verontregtes saam met dié van die dooies die kyker uitnooi om selfondersoek te doen oor hulle aandeel aan die onregte van die verlede.
- Vooruitwysing hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrafe:

- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans duidelik blyk.

Moontlike redenasies wat aangeroe kan word:

- *Die genre waarbinne Toorberg as roman verskyn het, was dié van die plaasroman, maar juis dan een wat die tradisionele genre uitdaag. Van Heerden se roman sluit daarom veral by die latere plaasroman aan. StamAbel is nog die baas van die plaas, die absolute alleenheerser op Toorberg – in 'n mate heroïes, maar veral meedoënloos. Sy verdrywing van sy seun Floors en die verwerping van Floors en Ouma Kitty se nageslag sit 'n ketting van rassediskriminasie en skuld aan die gang. Met die sterwe van Druppeltjie vind 'n belangrike verandering plaas wanneer Abel ook die toestemming van die "Skaamfamilie" vra om die seun te skiet. Hiermee erken hy dat die "Skaamfamilie" ook deel van die Moolmans is. Die magsbasis begin verskuif van die blankes na hul bruin familie.*

- *In teenstelling met die ou plaasroman, waar die werkers meestal randfigure was en die Afrikanerboer in die sentrum was, is daar in die roman Toorberg 'n groter polifonie, 'n veelheid van stemme; by die ondersoek van die magistraat is elkeen se getuienis van belang. In dié opsig is dit 'n "demokratiese" verhaal. Dit is ook veelseggend dat dit Kaatjie Danster, 'n bruin vrou, is wat ten slotte die "legkaart" van die geskiedenis voltooi met 'n uiters belangrike stuk getuienis, dit waarna die magistraat die hele tyd op soek was: die gebeure wat die dood van Druppeltjie voorafgegaan het. Die een wat dubbeld aan die kortste ent moes trek, die vrou wat gekleurd is, kry hier die laaste woord.*
- *Die vertelruimtes kom dus nie net vanuit die Moolmans se plaasopstal nie, maar word ook verskuif na die Stiefveld waar Kaatjie en haar kinders 'n armsalige lewe voer, Amy O'Leary se skooltjie in Voetpad, die Halte waar Posmeester en Koevert hul bitterheid teenoor die Moolmans uitleef asook in die tronk waar Oneday homself bevind as gevolg van sy politieke betrokkenheid en oortuigings binne die bevrydingsteologie.*
- *Verskeie belangrike faktore beïnvloed die handeling in hierdie roman. Die inwoners van Toorberg se geskiedenis is deurdrenk met die bloedsweet van mense aan beide kante van die kleurgrens – aan die "regmatige" blanke kant is die trotse StamAbel Moolman en aan die "stief" kant is die agterryer Jan Swaat en die spoorsnyer, HansBoesman. Tog is die doringdraadheining van vooroordeel, meerderwaardigheid en rassisme so styf in die psiges van die twee families gespan, dat die feit dat dieselfde bloed deur beide die Skaamfamilie en die Moolmans se are vloei as irrelevant beskou word. Selfs die gedeelde fisiese kenmerke, bv. KleinKitty se "Moolmanblouoë", en die vlek oor ShalaRiet se linkeroor wat hom kenmerk as 'n Moolman, word deur die Moolmans geïgnoreer.*
- *Die dubbelsinnigheid en skynheiligheid wat deel vorm van die rasseverhoudings word geïllustreer deur die feit dat StamAbel "die wêreld met sy mak pandoer aan sy sy oopgeboer het vir die nageslagte" – as gelykes het die twee mans saam baklei teen die elemente – en tog trek slegs die "suiwer" afstammeling van StamAbel voordeel daaruit. StamAbel se reaksie toe hy uitvind van Floors se verhouding met Kitty, (Jan Swaat se dogter) was om hom met 'n sweep van die werf af te jaag – 'n duidelike teken dat die fisiese en geestelike reis wat hul saam onderneem het, nie van Jan Swaat sy gelyke gemaak het nie. Die inwoners van Toorberg se gedrag en waardes word egter ook grootliks deur die politieke situasie van die tyd waarin die gebeure afspeel, beïnvloed. Die gebeure speel af in die 1980's gedurende die apartheidsjare, wat beteken dat die denkbeeldige skeidslyn tussen die families deur die regering in 'n wetlike sisteem verander is en dat die superioriteit van die Afrikaanse wit, ryk Moolmans deur die samelewing van hul tyd as korrek en goed aanvaar is.*
- *Die omverwerping van die sisteem om plek te maak vir die nuwe bedeling, is egter reeds in die pyplyn met die einde van die vorige era in sig: Oneday Riet se "politiek in die lokasie" en die doodloop van die bloedlyn van die Abels as gevolg van Abel se dood en DwarsAbel se onvrugbaarheid, regverdig Shala se gedagte: "So, dit is verby."*
- *Aan die begin van die roman word 'n onopgeloste "raaisel" aan die leser (en aan Van der Ligt) gestel: Wat het presies gebeur by die dood van Druppeltjie? Hierdie "raaisel" is een van die belangrikste elemente om spanning by die leser te wek; en elke stukkie getuienis voor die magistraat dra daartoe by om hierdie raaisel op te los.*
- *Aan die een kant word die spanning gewek deur die raaisels van die verlede; aan die ander kant word dit volgehou deur die geheimsinnige verdwyning van Abel. Hierdie dubbele spanning, uit die verlede en die hede, word tot aan die einde van die roman volgehou, totdat die dubbele raaisel van die twee sterftes op Toorberg, dié van Druppeltjie en dié van Abel, opgelos is.*

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word oor dit wat in vraag aanhangig gemaak is.
- Slot moet aantoon wat die **uitwerking van die film op gehore van vandag** sal wees.

Voorbeeldgevolgtrekking:

- *Die roman Toorberg sal kennelik 'n indruk laat by hedendaagse gehore. Omdat die ruimte self 'n mikrokosmos vorm van die apartheidsgeskiedenis van Suid-Afrika sal dit die kyker dwing om selfondersoek te doen na die ongelykheid en miskenning van mense op grond van hul andersheid of hul velkleur. Uiteindelik word almal, die kyker inkluis, skuldig verklaar aan die sistematiese onderdrukking wat ons geskiedenis gekenmerk het. Uiteindelik sal die film ook die uitdaging rig om vanuit 'n hedendaagse perspektief te vra of die demokratiese toekoms, wat in die vorm van KleinKitty Riet en Koevert Moolman se verhouding voorspel word, enigsins gerealiseer het.*

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**VRAAG 6 VERPLIGTE VRAAG – REDAKTEURSBRIEF**






DIE STUDENT

MILLENNIËRS: Ons is apaties, maar dis nie ons skuld nie

Deur Jané de Wet, Nelson Mandela Universiteit | 28 Januarie 2019 11:11



Dit is 2019. Francois van Coke ruk nou die Afrikaanse musiekbedryf saam met die Gevaar. "Hemel op die platteland" is deesdae 'n immergewilde Instagram-onderskrif vir meisies wat êrens langs 'n grondpad staan. En hier en daar sing 'n millenniër, "kan jy apatie spel?"

Dit is inderdaad 'n baie goeie vraag.

Maar vandag skryf ek nie oor of ons dit kan spel of nie. Ek skryf oor die feit dat ons, as millenniërs, al hoe meer apaties raak.

Die woord in die liriek wat ons tog so graag saamsing, word gedefinieer as **onverskilligheid** (sonder belangstelling), **gevoelloosheid en lusteloosheid**. En asof dit nie genoeg is nie, word apatete gekonfronteer deur die **afwesigheid van drif, hartstog en strewe**.

Die gemiddelde millenniër word met elke terugslag, negatiewe kommentaar en *social media update* al hoe meer apaties.

Dis te veel moeite.

Laat ek verduidelik. Ons as Generasie Y word **geroetineer en gereguleer** om slegs te doen wat ons moet en wat van ons verwag word. Die res is heeltemal te veel moeite. Ons verlaat nie die huis of ons veilige ruimte tensy dit noodsaaklik is nie.

Die enigste motivering wat ons het om enigsins die buitewêreld te betree, is die konstante vrees dat ons iets gaan misloop, oftewel "**Fomo**" (*fear of missing out*). Dus is ons lusteloos.

Ons het bitter min vertroue in ons land. Die politieke landskap. En ons eie toekoms.

[Artikel verkort uit: <<https://www.netwerk24.com/Stemme/Die-Student/millenniers-ons-is-apaties-maar-dis-nie-ons-skuld-nie-20190128>>]

OPDRAG

Jy het onlangs die artikel hierbo gelees. As redakteur van die tienertydskrif *Wending!* het jy besluit dat die volgende uitgawe aan die sogenaamde **millenniërs** gewy gaan word.

Skryf die **redakteursbrief van hierdie uitgawe** (die redaksionele kommentaar as redakteur) waarin jy **die mites en waarhede** rondom *jou* ervaring van millenniërs verwoord.

Jy moet veral na die vetgedrukte woorde in die artikel hierbo verwys. Dui ook aan wie jy dink **verantwoordelik** is vir die situasie waarin millenniërs hulself bevind.

Belangrik:

- Jou redakteursbrief moet 250 woorde lank wees. Bring die woordtal onder jou skryfstuk aan.
- Die hoofkwessie moet gedek word, maar jy kan verwys na ander (denkbeeldige) verwante artikels in die tydskrif om lesers se aandag daarop te vestig.
- Jou redakteursbrief moet die teikengroep aanspreek.
- Jou taal en styl moet pas by die tydskrif én jou posisie as redakteur.

NASIENRIGLYNE BY DIE REDAKTEURSBRIEF:

Redaksionele kommentaar is die hoofartikel wat deur die redakteur van 'n koerant of tydskrif geskryf word. Hier volg 'n voorbeeld oor 'n ANDER ONDERWERP.

Sportboewe moet streng vasgevat word	Wenke:
<p>Terwyl Suid-Afrika regmaak vir die toestroming van sportliefhebbers vir 2010 se Wêreldbeker-sokkertoernooi het sportboewery die laaste tyd op en langs die sportveld kop uitgesteek.</p> <p>Ondersteuners van die Kaizer Chiefs-sokkerspan het Saterdag in Kaapstad in die wedstryd teen Ajax leë bottels en vuvuzelas op die veld gegooi.</p> <ul style="list-style-type: none"> • <i>Die tema of onderwerp moet interessant aangebied word.</i> • <i>Die onderwerp moet oor sake van die dag handel en die leser se belangstelling prikkel.</i> • <i>Die titel/opskrif moet kort en treffend wees en moet by die onderwerp pas.</i> • <i>Die inleidingsparagraaf moet die inhoud ontsluit.</i> • <i>Die inhoud/inligting moet logies en betroubaar wees.</i> • <i>Die inligting moet duidelik uiteengesit word. Woorde moet eenvoudig en verstaanbaar wees.</i> • <i>Die styl moet maklik verstaanbaar en interessant wees. Die teikengroep moet in gedagte gehou word.</i> • <i>Feite mag opspraakwekkend wees.</i> • <i>Standpunt teen of vir iets mag ook ingeneem word.</i> • <i>Gee idees en aanbevelings oor die onderwerp.</i> • <i>Aanhalings mag gebruik word.</i> <p>'n Tydige terugkeer is nodig na twee van die pilare waarin sport geanker staan: respek vir basiese reëls en respek vir dissipline. Op die sportveld én op die paviljoen.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Redaksionele kommentaar handel oor aktuele sake van die dag, bv. misdaad, armoede, werkloosheid. • Dit word deur die redakteur van 'n koerant/tydskrif geskryf. Dit word ook die "hoofartikel" genoem. • In 'n tydskrif lewer dit gewoonlik kommentaar oor die artikels in die spesifieke uitgawe. • Die standpunt van die redakteur of die uitgewers van die koerant/tydskrif word gegee. • Vir die koerant kan dit in paragrawe of in kolomme aangebied word. <ul style="list-style-type: none"> • Die slotparagraaf bevat die gevolgtrekking waartoe gekom word en 'n oplossing word verskaf.

[Voorbeeld verwerk uit: *Beeld*, 18 Augustus 2009]

Beantwoord VRAAG 7 of VRAAG 8.**VRAAG 7 BROSJURE****Waaroor is jy passievol?**

Skryf die kopie vir 'n brosjure waarin jy ander mense uitnoui na 'n fees/geleentheid/ekspo waartydens hulle meer kan leer van jou passie of hoe jy hierdie passie uiteleef.

**Belangrik:**

- Gee aan jou brosjure 'n prikkelende titel.
- In jou brosjure verskyn drie foto's of grafika. BESKRYF elkeen in minder as 20 woorde. (Jy hoef dus niks te teken nie!)
- Die toon van jou teks moet passievol, uitnodigend en inspirerend van aard wees.
- Die toon en styl moet jou teikenmark oortuigend betrek.
- Jou brosjure moet ongeveer 250 woorde beslaan (insluitend jou grafika-beskrywings). Dui jou woordtal onder jou teks aan.

NASIENRIGLYNE BY DIE BROSJURE:**Brosjure/Pamflet/Strooibiljet**

'n Brosjure is 'n klein blaadjie wat iets adverteer. Dit maak die leser lus om 'n plek te besoek of iets te koop. 'n Strooibiljet/pamflet en 'n brosjure word albei gebruik om iets te adverteer, maar 'n strooibiljet/pamflet fokus op prys en 'n brosjure verskaf meer inligting. 'n Brosjure word gewoonlik van duurder papier gemaak as 'n strooibiljet en het meer volkleurfoto's.

ONTHOU:

'n Brosjure is vollediger as 'n advertensie.

Jou brosjure moet interessant en prikkelend met foto's en/of illustrasies wees.

Jy moet die nodige inligting verskaf wat dit vir die voornemende klant makliker maak om die maatskappy te kontak of die produk maklik te kan aanskaf.

Moenie in die eksamen te veel tyd gebruik vir die uitleg en versiering nie – die punte word toegeken vir die inhoud (die geskrewe deel).

'n Brosjyre vir 'n gastehuis kan byvoorbeeld op die volgende manier uitgelê word:

Die voorblad moet interessant wees en die leser se aandag trek.	Bv. Verduidelik waarom die plek besoek moet word.
Daarna word meer inligting oor die plek (bv. 'n gastehuis) gegee. Waaroor handel die brosjyre? WAT is die naam daarvan? Gebruik die logo as dit beskikbaar is.	Waar is die plek? Gee die fisiese adres.
Meer inligting oor die plek kan gegee word en wat alles by die plek verwag kan word. Verduidelik die inligting kortliks. Sorg dat die aanbieding interessant en aanloklik is.	Gee 'n eenvoudige kaart of verduidelik hoe om die plek te bereik.
Wie is almal betrokke by die plek?	Gee alle kontakbesonderhede – telefoonnommers, e-posadresse, faksnommers en die naam van 'n kontakpersoon.
Besienswaardighede en ander belangrike inligting.	Watter ander interessante plekke is in die omgewing? Gee belangrike tye en moontlike kostes.

OF

VRAAG 8 KOERANTBERIG

IETS HET GEBEUR!

Jy is 'n verslaggewer by die *Son*. Skryf 'n koerantberig waarin jy die gemeenskap inlig oor 'n **kontroversiële** gebeurtenis wat onlangs in jou omgewing plaasgevind het. (Dit mag fiksioneel wees.)

Belangrik:

- Gee jou berig 'n prikkelende hoofskrif/kop.
- 'n Foto/grafika sal saam met jou berig geplaas word. BESKRYF die foto/grafika in minder as 20 woorde onderaan jou berig.
- Jou berig moet ongeveer 250 woorde lank wees. Dui jou woordtal onder jou teks aan.

NASIENRIGLYNE BY DIE KOERANTBERIG:**Vrystater wil almal in voordele van Oosterse gevegskuns laat deel**

Louis Fouché (Johannesburg)

Uiter 'n mens die woorde "kung-fu", kom baie stereotipiese beelde van Oosterse gevegskuns by jou op.

Ontmoet jy egter vir ...

- *Die tema of onderwerp moet interessant aangebied word.*
- *Die onderwerp moet aktueel wees en die leser se belangstelling prikkel.*
- *Die titel/opskrif is kort en treffend en moet by die onderwerp pas.*
- *Die inleidingsparagraaf moet die inhoud ontsluit. Dit moet ook kort en kragtig wees en die leser dadelik in die prentjie bring.*
- *Die belangrikste nuus/nuusmaker moet eerste gestel word.*
- *Die inhoud/inligting moet logies en betroubaar wees.*
- *Die inligting moet duidelik uiteengesit word. Subtitels mag gebruik word.*
- *Die woorde moet eenvoudig en verstaanbaar wees.*
- *Die styl moet maklik verstaanbaar en interessant wees. Die teikengroep moet in gedagte gehou word.*
- *Feite mag opspraakwekkend wees.*
- *Aanhalings mag gebruik word.*
- *Die slotparagraaf bevat die gevolgtrekking waartoe gekom word.*

Kung fu is 'n leefwyse waarin liggaam en gees gesond gehou word.

Wenke:

- Feite of inligting moet in 'n koerantartikel gegee word.
- Die titel vat die onderwerp saam.
- 'n Subtitel mag ook gegee word.
- Die omgekeerde piramiedemetode word gebruik.
- Die meeste feite word in die eerste paragraaf gegee. *Wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe.*
- Die *wie, wat, waar* en *wanneer* word in die volgende paragrawe uigebrei. Meer inligting – die *hoe* en die *hoekom* – kan nou ook gegee word.
- Die res van die inligting word daarna in dalende orde van belangrikheid gegee.
- Deeglike kennis oor die onderwerp is belangrik.
- Die artikel word in die bedrywende vorm geskryf.
- Die slot vat die artikel saam.
- Die koerantartikel kan in paragrawe of in kolomme aangebied word (in die eksamen verkieslik in paragrawe).

Totaal: 100 punte

DRAMA en ROMAN – Inhoudsmatriks: PUNT uit 20

INHOUDSPUNT uit 20: Lees altyd van bo na onder om vlak/band te bepaal

Vlak	Inleiding, aanhalings, gevolgtrekking bepaal plek binne band	% EN PUNT
7+	JAI!! ALMAL MOET DIT LEES! 'n Intelligente brein is hier aan die werk. Onderwerp en argument tot nuwe vlak van interpretasie verhoog. Skok van genot. Teoretiese kennis gesofistikeerd. FANTASTIES!/UITSTAANDE!	90–100% 18–20
	<i>Inleiding: skep grootse verwagtinge + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: oorspronklik en oortuigend geïntegreer + ½</i> <i>Gevolgtrekking: stem tot nadenke en dieper/oorspronklike insig + ½</i>	Bv. 18 + ½ + 0 + ½
7	JA! EK MOET HIERVAN ONTHOU! Oorspronklik; verbeeldingryk; stem tot nadenke; baie goeie interpretasie van onderwerp; skerp insigte. Begrip van tekstualiteit. WAARDIG/INDRUKWEKKEND	80–89% 16–17½
	<i>Inleiding: skep afwagting + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: baie interessant en goed geïntegreer + ½</i> <i>Gevolgtrekking: toon dieper insig + ½</i>	
6	JA! EK STEM SAAM! Belowend, oortuigend, interessante interpretasie van onderwerp, nuwe perspektief, toon insig, maar tog nie genoeg vir Vlak 7 nie. VERDIENSTELIK/BAIE GOED	70–79% 14–15½
	<i>Inleiding: skep verwagting van goeie oortuigingsvermoë + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: goed gekies en geïntegreer in aanbieding + ½</i> <i>Gevolgtrekking: stem tot nadenke + ½</i>	
5	JA. Onderwerp begryp. Bogemiddeld, maar sonder sprankel en oorspronklikheid. Reproduksie van geleerde werk. GEWOON/SUBSTANSIEEL	60–69% 12–13½
	<i>Inleiding: kandidaat neem standpunt in + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: ondersteun standpunt + ½</i> <i>Gevolgtrekking: noem hoe eie standpunt bewys is en onderstreep slotsom + ½</i>	
4	JA ... WAT. Inhoud korrek; dog oninspirend. Wys potensiaal, maar nie ontwikkel nie. Begryp die onderwerp, maar onopwindend en soms onoortuigend. Voorspelbaar. GANGBAAR	50–59% 10–11½
	<i>Inleiding: vraagstelling herhaal, kies bloot kant, rigtingwysers onduidelik + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: raakpunte met standpunt aanwesig + ½</i> <i>Gevolgtrekking: gevolgtrekking uit vraag herhaal + ½</i>	
3	MMM, Ja, maar EK WEET DAREM NIE... Idees baie voorspelbaar, tweedehandse respons (bv. volgens handleidings, maar misplaas). Onderwerp misverstaan en toon beperkte verbeelding. Min progressie van idees; swak argumentering; min bewys van beplanning. ONDERGEMIDDELD	40–49% 8–9½
	<i>Inleiding: verwys wel na vraag + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: aanwesig + ½</i> <i>Gevolgtrekking: hoewel nie volgens respons nie, maar wel volgens vraag + ½</i>	
2	TELEURSTELLEND Onoorspronklik; onrealisties; geen progressie van idees nie; foutiewe argumentering; onbeplan; verwarrend; respons verdien nie 'n slaagpunt nie. ELEMENTÊR	30–39% 6–7½
	<i>Inleiding: vraagwoorde genoem + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: waarneembaar, nie regtig sinvol nie + ½</i> <i>Gevolgtrekking: daar is 'n waarneembare einde + ½</i>	
1	NEE! Swak; tweedehands; kinderagtig/distorsie van teks; swak smaak; totale versinning; onverstaanbaar; verdien nie 'n slaagpunt nie. ONGESLAAGD	15–29% 3½–5½
	<i>Inleiding: waarneembaar + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: waarneembaar + ½</i> <i>Gevolgtrekking: waarneembaar + ½</i>	

DRAMA: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10							
TEGNEIESE AKKURAAKTHEID	7	6	5	4	3	2	1
	Taalbeheer uitstekend	Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe	Goeie sinskonstruksie	Sinskonstruksie redelik	Teenstrydige skryfwerk	Meestal onsinnig	Geheel en al onsinnig
STYL en STRUKTUUR: BETOGEND	Woordeskat helder en gesofistikeerd	Uitdrukkingsvolle woordeskat	Goeie woordeskat	Woordeskat geskik	Woordeskat voorspelbaar of vol cliché's	Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief	Onverstaanbaar
	Lengte perfek	Lengte gepas	Lengte gepas	Lengte kan pla	Lengte pla	Lengtevereistes is geïgnoreer	Lengtevereistes is geïgnoreer
	Byna foutloos	Netelige taalfoutjies	Min taalfoute	Taalfoute begin betekenis beïnvloed	Taalfoute pla	Herhaaldelike taalfoute	Verwonge idioom
A+ Betogende styl versterk betekenis op uitnemende wyse. Register perfek vir akademiese idioom. Struktuur en samehang buitengewoon goed.	90–100% 9–10	9½	9				
A Betogende styl ondersteun betekenis ten volle. Register uiters gepas vir akademiese idioom. Struktuur en samehang baie goed.	80–89% 8½–9	8	7½				
B Betogende styl ondersteun betekenis. Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend. Register goed en deurgaans volgehou. Struktuur en samehang goed.	8	70–79% 7½	7	6½			
C Betogend, maar nie volgehou nie. Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms.	7½	7	60–69% 6½	6	5½		
D Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie. Struktuur nie deurgaans duidelik nie. Samehang minder geslaagd.		6½	6	50–59% 5½	5	4½	
E Akademiese styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend. Onvanpaste register. Struktuur en samehang onduidelik.			5½	5	40–49% 4½	4	3½
F Slordig, onsamehangend. Register totaal onvanpas. Struktuur en samehang feitlik afwesig.				4½	4	30–39% 3½	3
G Swak; deurmekaar; onleesbaar. Geen struktuur of samehang te bespeur nie.					3½	3	0–29% 0–2½

ROMAN: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10							
TEGNESE AKKURAAKTHEID	7	6	5	4	3	2	1
	Taalbeheer uitstekend	Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe	Goeie sinskonstruksie	Sinskonstruksie redelik	Teenstrydige skryfwerk	Meestal onsinig.	Geheel en al onsinig
STYL en STRUKTUUR: BEREDENEREND	Woordeskat helder en gesofistikeerd	Uitdrukkingsvolle woordeskat	Goeie woordeskat	Woordeskat geskik	Woordeskat voorspelbaar of vol clichés	Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief.	Onverstaanbaar
	Lengte perfek	Lengte gepas	Lengte gepas	Lengte kan pla	Lengte pla	Lengte-vereistes is geïgnoreer	Lengtevereistes is geïgnoreer
	Byna foutloos	Netelige taalfoutjies	Min taalfoute	Taalfoute begin betekenis beïnvloed	Taalfoute pla	Herhaaldelike taalfoute	Verwonge idioom
A+ Beredenerende styl versterk betekenis op uitnemende wyse. Register perfek vir akademiese idioom. Struktuur en samehang buitengewoon goed.	90–100% 9–10	9½	9				
A Beredenerende styl ondersteun betekenis ten volle. Register uiters gepas vir akademiese idioom. Struktuur en samehang baie goed.	80–89% 8½–9	8	7½				
B Beredenerende styl ondersteun betekenis. Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend. Register goed en deurgaans volgehou. Struktuur en samehang goed.	8	70–79% 7½	7	6½			
C Beredenerend, maar nie volgehou nie. Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms.	7½	7	60–69% 6½	6	5½		
D Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie. Struktuur nie deurgaans duidelik nie. Samehang minder geslaagd.		6½	6	50–59% 5½	5	4½	
E Akademiese styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend. Onvanpaste register. Struktuur en samehang onduidelik.			5½	5	40–49% 4½	4	3½
F Slordig, onsamehangend. Register totaal onvanpas. Struktuur en samehang feitlik afwesig.				4½	4	30–39% 3½	3
G Swak; deurmekaar; onleesbaar. Geen struktuur of samehang te bespeur nie.					3½	3	0–29% 0–2½

Transaksionele skryfwerk NASIENMATRIKS

TOTAAL: 20 PUNTE (Inhoud, doel en teikengroep = 10 + Styl, taal en formaat = 10)

VLAK EN PUNT		TRANSAKSIONEEL: INHOUD, DOEL en TEIKENGROEP (10)
Vlak 7+ Uitmuntend 9,5–10		Inhoud uitmuntend en volledig volgens opdrag. Doel en teikenleser voortdurend duidelik. Kreatief, relevant, sprankelend. Oorspronklike idees.
Vlak 7 Uitstekend 8–9		Inhoud baie goed en volledig volgens opdrag. Doel en teikenleser voortdurend duidelik. Kreatief en relevant. Oorspronklike idees.
Vlak 6 Baie goed 7–7,5		Inhoud gepas volgens opdrag. Relevant. Goeie detail. Doel en teikenleser nie heeltemal volgehou nie. Opdrag korrek uitgevoer. Detail interessant. Diepte kom effens kort.
Vlak 5 Goed 6–6,5		Inhoud bevredigend volgens opdrag. Poging tot gepaste doel en inagneming van teikenleser . Af en toe steurende leemtes. Enkele interessante idees, maar eie stem en diepte kom kort. 'n Gemiddelde respons.
Vlak 4 Gangbaar 5–5,5		Inhoud: Kandidaat toon begrip vir opdrag. Probeer doel en teikenleser in ag neem. Poging nie heeltemal geslaagd nie. Respons baie gewoon en gemiddeld. Min sprake van eie stem en oorspronklikheid.
Vlak 3 Ondergemiddeld 4–4,5		Inhoud eenvoudig en verbeeldingloos. Doel: Poging om opdrag uit te voer nie heeltemal geslaagd nie. Min tekens van gepaste teikenleser . Pedanties.
Vlak 2 Elementêr 3–3,5		Inhoud kom kort. Kandidaat het waarskynlik nie vraag en opdrag verstaan nie. Doel: Opdrag nie korrek uitgevoer nie. Teikengroep geïgnoreer. Beperkte respons in die algemeen. Kandidaat toon min insig in en kennis van vereistes.
Vlak 1 Ontoereikend 0–2,5		Inhoud, doel en teikengroep toon min/geen tekens van begrip van opdrag nie. Selfs onsinnig. Kandidaat is duidelik nie in beheer van hierdie afdeling van skryfwerk nie. Kandidaat kan nie slaag nie.

TRANSAKSIONEEL: STYL, TAAL EN FORMAAT (10)								
	Hoogsgesofistikeerde gebruik van taalkonvensies. Woordeskat en register uitstekend gepas volgens opdrag. Formaat absoluut korrek, selfs innoverend.	Gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies. Woordeskat en register goed gekies volgens opdrag. Formaat korrek.	Taalkonvensies goed gebruik. Register en woordeskat baie goed hoewel enkele swakhede voorkom. Taal en sinsbou hoofsaaklik korrek. Formaat hoofsaaklik korrek.	Taalkonvensies, register en woordeskat genoegsaam vir 'n gemiddelde respons. Taal en sinsbou toon soms foute. Formaat meestal korrek. Styl toon begrip vir opdrag.	Register en woordeskat gewoon en algemeen. Taal en sinsbou toon lastige foute. Formaat toon steurende leemtes. Styl en toon nie genoegsaam volgens opdrag nie.	Formaat meestal onvanpas. Register en woordeskat pas nie regtig by die opdrag nie. Styl en toon dikwels foutief. Taal-, spel- en sinsbou swak.	Formaat toon baie foute. Min begrip van korrekte register, woordeskat en taalfunksies. Styl en toon onvanpas.	Formaat heeltemal foutief. Geen begrip van korrekte taal-, register- en/of formaatkonvensies nie. Geen moontlikheid van 'n slaagsyfer nie.
VLAK EN PUNT	Vlak 7+ Uitmuntend 9,5–10	Vlak 7 Uitstekend 8–9	Vlak 6 Baie goed 7–7,5	Vlak 5 Goed 6–6,5	Vlak 4 Gangbaar 5–5,5	Vlak 3 Onder-gemiddeld 4–4,5	Vlak 2 Elementêr 3–3,5	Vlak 1 Ontoereikend 0–2,5

Lengte: 250 woorde (Let op dat **lengtevereiste** deurgaans geld as deel van **formaat en styl**.) Indien lengte nie die vereistes nakom nie, moet 'n **kategorieverskuiwing** gemaak word.